SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

***SSK**, 'n gevestigde en gediversifiseerde landbou- onderneming, met sy hoofkantoor in Swellendam, beskik tans oor die volgende vakature by hul **Heidelberg/ Riversdal** kantore.*

KREDIETBESTUURDER/ LANDBOU EKONOOM

Die ideale kandidaat, wat direk aan die Senior Bestuurder: Krediet sal rapporteer, sal oor 'n toepaslike landbou kwalifikasie, toepaslike ondervinding asook omvattende kennis van die Nasionale Kredietwet beskik met 'n diensgerigte ingesteldheid, goeie prioritisering- en beplanningsvernuf, interpersoonlike- en kommunikasievaardighede asook rekenaarvaardig wees (SAP en Microsoft Office pakkette) met 'n geldige kode B (Kode 8) bestuurslisensie.

Die posbekleër sal mede- verantwoordelik wees vir die kredietbestuur asook bou van gesonde verhoudinge met SSK se kliënte in die groter Overberg/ Tuinroete en Langkloof area, wat o.a. aansoeke om lidmaatskap en kredietfasiliteite, krediet evaluerings, konsultasie sessies, deurlopende skakeling met eksterne en interne rolspelers, risikobestuur, landbou ekonomiese ontledings en verslagdoening, asook algemene administrasie insluit.

Rig u aansoek met 'n dekbrief en bondige CV met vermelding van verwagte vergoeding en 'n kontaknommer, asook ten minste drie kontakbare referente aan: Die Senior Bestuurder: Menslike Hulpbronne, Posbus 12, Swellendam, 6740, om ons te bereik nie later as 30 April 2018. U kan dit ook faks na (028) 514 8656 of e-pos aan: alwyn.burger@ssk.co.za.

Neem kennis dat, indien u geen terugvoering van die adverteerder binne een maand na sluitingsdatum ontvang het nie, u kan aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. SSK is 'n gelyke geleentheid werkgewer.